VROEË OPSPORING VERBETER JOU KANSE VAN SUKSESVOLLE BEHANDELING.

MOENIE WAG VIR DIE SIMPTOME OM TE VERSKYN NIE, LAAT DOEN GEREELD 'N PAP-SMEER.

CANSA IS HIER OM TE HELP.

Vir meer inligting oor Servikale Gesondheid, CANSA-dienste of ander soorte kanker, kontak CANSA tolvry op **0800 22 66 22**, skryf aan Die Inligtingsentrum, CANSA, Posbus 13206, Mowbray, 7705, of besoek **www.cansa.org.za**

CANSA
CANCER ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

OPVOLG IS BELANGRIK

Die resultate van die meeste Pap-smere is normal.

- Indien joune nie normaal is nie, sal die geneesheer of verpleegster met jou in verbinding tree.
- Nie alle abnormale selle is kankeragtig nie.
- Die verpleegster sal jou sê wanneer jy moet terugkom vir jou resultate.
- Jy sal in kennis gestel word as enige behandeling of verwysing nodig is.

Opvolg is belangrik vir:

- Enige abnormale resultate.
- Vroeë diagnose.
- Vroeë behandeling.
- Om te verhoed dat kanker na ander liggaamsdele versprei.

RAAD VAN VROUE WAT 'N PAP-SMEER LAAT DOEN HET

"As ek begin skaam voel, haal ek 'n paar keer diep asem en voel ek sommer baie beter."

"Dit voel snaaks om op 'n tafel te lê met jou bene in die lug, maar jy hoef nie lank so te lê nie."

"Die verpleegsters het my gevra om vir 24-uur voor die ondersoek nie omgang (seks) te hê, 'n vaginale room te gebruik of te 'douche' (vaginale uitspoeling) nie."

"Sy het ook gesê ek behoort nie tydens my maandstonde 'n Pap-smeer te laat doen nie."

VERDUIDELIKING VAN WOORDE



Uterus - Baarmoeder.

Serviks - Opening van die uterus aan die bokant van die vagina/nek van die baarmoeder.



Spekulum - Instrument wat tydens 'n Pap-smeer gebruik word om die vagina oop te maak sodat die dokter of verpleegster die serviks kan sien en selle kan verwyder.

Normale selle - Selle wat gesond is.

Abnormale selle - Selle wat verandering toon wat moontlik 'n teken van siekte kan wees.

Kankeragtige selle - Ongesonde selle wat oneweredig is. As hierdie selle nie behandel word nie, kan die kanker na die res van die liggaam versprei en uiteindelik tot die dood lei.



Laboratorium - 'n Kamer met spesiale wetenskaplike toerusting.

Diagnose - Om te identifiseer wat fout is met iemand.

Toetsing - Om selle te ondersoek om seker te maak dat hulle nie 'n spesifieke siekte het nie.

WAT JY BEHOORT TE WEET VAN SERVIKALE GESONDHEID

CANSA
CANCER ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

NATIONAL LOTTERY NLDTF

WAT IS SERVIKALE KANKER?

Die serviks is die onderste deel van die mond van die uterus (baarmoeder).



Kanker van die Serviks (ook bekend as Servikale Kanker) is een van die mees algemene kankers onder Suid-Afrikaanse vroue. Dit is 'n siekte wat genees kan word indien dit vroeg opgespoor en behandel word.

JY LOOP DIE GEVAAR OM SERVIKALE KANKER OP TE DOEN AS:

- jy op 'n jong ouderdom seksueel aktief raak.
- jy of jou bedmaat baie seksmaats gehad het.
- jy 'n seksueel oordraagbare siekte het.
- jy 'n paar maal swanger was.
- jy rook.

WAT KAN JY DOEN OM SERVIKALE KANKER TE VOORKOM?

- Laat doen gereeld 'n Pap-smeer.
- Hou by een seksmaat.
- Gebruik 'n spermetode voorbehoedmiddel soos kondome.

WAT IS 'N PAP-SMEER?

'n Pap-smeer is eenvoudig, pynloos, vinnig en skadeloos en kan deur 'n geneesheer of verpleegster gedoen word. Daar word getoets vir abnormale selle in die vel wat die serviks bedek.

Hierdie abnormale selle is nie kanker nie, maar as dit nie behandel word nie, kan dit in kankerselle ontwikkel.

HOE WORD 'N PAP-SMEER GEDOEN?

- Terwyl die vrou op die ondersoektafel lê, sal die geneesheer of verpleegster haar vaginale area vir tekens van infeksie of ander probleme ondersoek.
- Die geneesheer of verpleegster sal 'n spekulum in die vrou se vagina plaas om dit oop te maak.
- Deur die loop van die ondersoek sal die geneesheer of verpleegster 'n klein spatel of borseltjie gebruik om selle van die serviks en omliggende area te verwyder.



- Wanneer die ondersoek verby is, mag die vrou weer aantrek.
- Sy moet seker maak dat sy enige vrae vra voordat die geneesheer of verpleegster die kamer verlaat.
- Die 'smeer' word op 'n glasskyfie geplaas en na die laboratorium gestuur waar dit vir abnormale selle ondersoek word.
- Indien abnormale selle gevind word, sal die vrou gevra word om na die spreekkamer of kliniek terug te keer vir behandeling. Behandeling wat op dié vroeë stadium gedoen word sal Servikale Kanker voorkom.

WIE BEHOORT 'N PAP-SMEER TE LAAT DOEN?

Jy behoort 'n Pap-smeer te laat doen as:

- jy seksueel aktief is.
- jy tussen 20 en 60 jaar oud is.
- jy nog nooit tevore 'n Pap-smeer laat doen het nie.
- jou laaste Pap-smeer meer as 10 jaar gelede gedoen is.
- jou laaste Pap-smeer enigsins abnormaal was.
- jou geneesheer of klinieksuster 'n Pap-smeer aanbeveel.

DIT IS RAADSAAM OF GEREELD 'N PAP-SMEER TE LAAT DOEN.

WAAR KAN 'N PAP-SMEER GEDOEN WORD?

Dit kan deur 'n dokter of 'n opgeleide gesondheidswerker by 'n kliniek of hospital gedoen word. Jou privaat dokter of ginekoloog kan ook 'n Pap-smeer doen.